



Knorrige Wolk

Hierdie boek behoort aan









bookdash.org

Every child should own a hundred books by the age of five. To that end, Book Dash gathers creative volunteers to create new African storybooks that anyone can freely print, translate and distribute. Then we work with partners to give those books to preschool children to own.

To find out more, and to download beautiful, open-licensed, print-ready books, visit bookdash.org.

Knorrige Wolk

(Grumpy Cloud)

Illustrated by Neil Badenhorst

Written by Oarabetse Ditlhareng

Designed by Mbali Magubane

Translated by Oarabetse Ditlhareng

with the help of the Book Dash participants in Johannesburg on 17 August 2024.

ISBN: 978-1-997425-40-3

Typeset in Quicksand

This work is licensed under a Creative Commons Attribution 4.0 Licence
(<http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/>).

You are free to share (copy and redistribute the material in any medium or format) and adapt (remix, transform, and build upon the material) this work for any purpose, even commercially. The licensor cannot revoke these freedoms as long as you follow the following license terms:

You must give appropriate credit, provide a link to the license, and indicate if changes were made. You may do so in any reasonable manner, but not in any way that suggests the licensor endorses you or your use. No additional restrictions: You may not apply legal terms or technological measures that legally restrict others from doing anything the license permits.





Oarabetse Dithlareng - Neil Badenhorst - Mbali Magubane


Knorrige Wolk






In 'n kleurvolle land vol
gevoelens,
woon daar 'n seun
met die naam Fafa.








Fafa is 'n **vrolike**
seun wat graag
heeldag speel
en rondhardloop.








Fafa het 'n spesiale
gawe: sy **gevoelens**
kan lewendig word.



Een oggend toe Fafa wakker
word, voel hy 'n bietjie
knorrig. Knorrige Wolk,
met 'n **frons** op sy gesig,
volg Fafa heeldag lank.







Elke keer as Fafa
probeer speel, maak
Knorrige Wolk
alles **hartseer**.







Fafa probeer sy bes om
Knorrige Wolk af te skud ...

maar niks werk nie.






Hy probeer dans, maar
Knorrige Wolk is
STEEDS daar.







Mamma besluit om
Knorrige Wolk te kielie.

Dit werk GLAD NIE.






Mamma probeer weer.
Knorrige Wolk **glimlag**
effens, maar hy
BLY steeds knorrig.





Mamma kielie Knorrige Wolk
'n laaste keer.
'n **Giggel** ontsnap en
Knorrige Wolk verdwyn.









Fafa lag van **vreugde** en
'n **vrolike** glimlag verskyn.





Fafa weet dat dit goed is om
verskillende gevoelens
te hê,



solank hy sy pad na sy
glimlag kan terugvind.







